# Bybelvasvra: Bybel Liefdesverhale

### #Vraag 1:

Waar lees ons van die eerste romanse in die Bybel?

**Antwoord:** Adam en Eva - Genesis

### #Vraag 2:

Ons lees in die Bybel van ‘n ernstige liefdes driehoek? Wie was in die driehoek betrokke?

**Antwoord:** Jakbob, Ragel en Lea

### #Vraag 3:

Watter man in die Bybel het die oggend na sy troue onddek dat hy met die verkeerde vrou getrou het?

**Antwoord:** Jakob met Lea in plaas van met Ragel

### #Vraag 4:

Watter man in die Bybel het die opdrag van God gekry om met ‘n prostituut te trou?

**Antwoord:** Hosea

### #Vraag 5:

Watter man in die Bybel het ‘n vrou so liefgehad dat hy 14 jaar vir haar gewerk het?

**Antwoord:** Jakob vir Ragel

### #Vraag 6:

Watter vrou in die Bybel het haar man se liefde gebruik om sy ondergang te bewerk?

**Antwoord:** Delila vir Simson

### #Vraag 7:

Watter vrou in die Bybel se liefde vir haar skoonma, het ‘n man se hart gesteel?

**Antwoord:** Rut vir Boas

## #Vraag 8:

Watter man in die Bybel het by sy swanger verloofde gebly omdat ‘n Engel van die Here aan hom verskyn het, en hom gesê het om haar nie te los omdat sy swanger is nie?

**Antwoord:** Josef met Maria

## #Vraag 9:

Watter man in die Bybel het gesê dat sy vrou sy suster is, omdat sy so mooi was, dat hy bang vir moeilikheid was, van die mans waar hulle gebly het?

**Antwoord:** Abraham vir Sara

## #Vraag 10:

Watter vrou in die Bybel het vir haar pa gelieg om haar man se lewe te red?

**Antwoord:** Mikal vir Dawid (1 Sam 19:9-16)